



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuisblad by die Poskantoor Geregistreer

Price 10c Prys
Overseas 15c Oorsee
POST FREE—POSVRY

Vol. 64.]

CAPE TOWN, 23RD OCTOBER, 1970.

[No. 2902.

KAAPSTAD, 23 OKTOBER 1970.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 1770. 23rd October, 1970.

No. 1770. 23 Oktober 1970.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 94 of 1970: Limitation of Legal Proceedings (Provincial and Local Authorities) Act, 1970.

No. 94 van 1970: Wet op Beperking van Regsgedinge (Provinsiale en Plaaslike Besture), 1970.

Wet No. 94, 1970 WET OP BEPERKING VAN REGSGEDINGE (PROVINSIALE EN PLAASLIKE BESTURE), 1970.

WET

Om tydsbeperkings in verband met, en ander vereistes vir, die instel van regsgedinge ten opsigte van sekere skulde teen provinsiale administrasies, die Administrasie van die gebied Suidwes-Afrika, plaaslike besture en beamptes van so 'n liggaam voor te skryf, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 2 Oktober 1970.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordbepaling.

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

- (i) „administrasie” die administrasie van 'n provinsie of van die gebied Suidwes-Afrika; (i)
- (ii) „beampte” 'n persoon in die diens van 'n administrasie of plaaslike bestuur; (iv)
- (iii) „plaaslike bestuur” 'n instelling of liggaam in artikel 84 (1) (f) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961), bedoel, wat by of kragtens 'n ordonnansie van 'n provinsiale raad gestig of ingestel is of in verband waarmee 'n provinsiale raad ordonnansies kan maak, en 'n munisipaliteit of dorpsbestuur wat gestig of ingestel is of geag word gestig of ingestel te wees kragtens die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie No. 13 van 1963, van die gebied Suidwes-Afrika), of die Ordonnansie op Dorpsbesture, 1963 (Ordonnansie No. 14 van 1963, van die gebied Suidwes-Afrika); (iii)
- (iv) „skuld” 'n skuld wat uit delik ontstaan en, met betrekking tot 'n beampte, so 'n skuld van die beampte waarvoor die administrasie of plaaslike bestuur in wie se diens die beampte is, regtens ook aanspreeklik is. (ii)

Tydsbeperkings in verband met, en ander vereistes vir, die instel van regsgedinge teen 'n administrasie, plaaslike bestuur of beampte.

2. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, word geen regsgeding ten opsigte van 'n skuld teen 'n administrasie, plaaslike bestuur of beampte (hieronder die skuldenaar genoem), ingestel nie—

- (a) tensy die skuldeiser 'n skriftelike kennisgewing van die geding, waarin die feite waaruit die skuld ontstaan het en dié besonderhede van sodanige skuld waarvan die skuldeiser kennis dra, uiteengesit word, binne negentig dae vanaf die dag waarop die skuld opeisbaar geword het, aan die skuldenaar beteken het deur dit aan hom te oorhandig of per aangetekende pos aan hom te stuur;
- (b) voor die verstryking van 'n tydperk van negentig dae vanaf die dag waarop die in paragraaf (a) bedoelde kennisgewing aan die skuldenaar beteken is, tensy die skuldenaar aanspreeklikheid vir die skuld skriftelik ontken het voor die verstryking van sodanige tydperk;

LIMITATION OF LEGAL PROCEEDINGS (PROVINCIAL AND Act No. 94, 1970
LOCAL AUTHORITIES) ACT, 1970.

ACT

To prescribe limitations of time in connection with, and other requirements for, the institution of legal proceedings in respect of certain debts against provincial administrations, the Administration of the territory of South-West Africa, local authorities and officers of any such body, and to provide for matters incidental thereto.

*(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 2nd October, 1970.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. In this Act, unless inconsistent with the context—

Definitions.

- (i) "administration" means the administration of a province or of the territory of South-West Africa; (i)
- (ii) "debt" means any debt arising from delict and, in relation to an officer, means any such debt of such officer for which the administration or local authority in whose service such officer is, is in law also liable; (iv)
- (iii) "local authority" means any institution or body contemplated in section 84 (1) (f) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961), which has been established or constituted by or under any ordinance of a provincial council or in relation to which a provincial council may make ordinances, and any municipality or village management board established or constituted or deemed to be established or constituted under the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance No. 13 of 1963, of the territory of South-West Africa), or the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance No. 14 of 1963, of the territory of South-West Africa); (iii)
- (iv) "officer" means any person in the service of an administration or local authority. (ii)

2. (1) Subject to the provisions of this Act, no legal proceedings in respect of any debt shall be instituted against an administration, local authority or officer (hereinafter referred to as the debtor)—

Limitations of time in connection with, and other requirements for, the institution of legal proceedings against an administration, local authority or officer.

- (a) unless the creditor has within ninety days as from the day on which the debt became due, served a written notice of such proceedings, in which are set out the facts from which the debt arose and such particulars of such debt as are within the knowledge of the creditor, on the debtor by delivering it to him or by sending it to him by registered post;
- (b) before the expiration of a period of ninety days as from the day on which the notice contemplated in paragraph (a) was served on the debtor, unless the debtor has in writing denied liability for the debt before the expiration of such period:

Wet No. 94, 1970

WET OP BEPERKING VAN REGSGEDINGE (PROVINSIALE EN PLAASLIKE BESTURE), 1970.

(c) na verloop van 'n tydperk van vier-en-twintig maande vanaf die dag waarop die skuld opeisbaar geword het.

(2) By die toepassing van subartikel (1)—

(a) word dit beskou dat 'n regsgeging ingestel word deur betekening aan die skuldenaar van 'n prosesstuk (met inbegrip van 'n kennisgewing van aansoek by 'n hof en enige ander stuk waardeur 'n regsgeging 'n aanvang neem) waarin die skuldeiser voldoening van die skuld vorder;

(b) word 'n skuld, indien die skuldenaar die skuldeiser opsetlik verhinder om die bestaan daarvan te wete te kom, nie as opeisbaar beskou nie voor die dag waarop die skuldeiser die bestaan daarvan te wete kom;

(c) word 'n skuld nie as opeisbaar beskou nie voor die eerste dag waarop die skuldeiser kennis dra van die identiteit van die skuldenaar en die feite waaruit die skuld ontstaan het, of die eerste dag waarop die skuldeiser sodanige kennis deur die beoefening van redelike sorg kan bekom, na gelang van watter dag die vroegste is;

(d) word 'n in paragraaf (a) of (c) van daardie subartikel voorgeskrewe tydperk, in die geval van 'n skuld waarvan die opeisbaarheid by ooreenkoms tussen die skuldeiser en die skuldenaar uitgestel word, opnuut bereken van die dag af waarop die skuld weer opeisbaar word.

Uitsonderings.

3. (1) Die bepalinge van artikel 2 is nie van toepassing nie met betrekking tot—

(a) 'n skuld waarvoor die skuldenaar aanspreeklikheid teenoor die skuldeiser uitdruklik en skriftelik erken het;

(b) 'n teeneis in 'n regsgeging wat deur die skuldenaar ingestel is;

(c) 'n eis ingevolge die bepalinge van die Motorvoertuig-assuransiewet, 1942 (Wet No. 29 van 1942);

(d) 'n eis ten opsigte waarvan die bepalinge van artikel 8 van die Ongevallewet, 1941 (Wet No. 30 van 1941), van toepassing is.

(2) Die bepalinge van paragraaf (a) van artikel 2 (1) is nie van toepassing nie met betrekking tot—

(a) die voeging van die skuldenaar as 'n party tot 'n regsgeging deur middel van 'n derdepartykennisgewing waarvoor daar in hofreëls voorsiening gemaak word;

(b) 'n dringende aansoek wat by 'n hof gedoen word gedurende die tydperk in daardie paragraaf bedoel,

en raak nie die uitreiking van 'n bevel *nisi* teen die skuldenaar gedurende daardie tydperk of na aanleiding van so 'n aansoek nie.

Verlof om kennisgewing na verloop van die voorgeskrewe tydperk te beteken.

4. Indien 'n skuldeiser versuim het om die voorskrifte van paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel 2 na te kom met betrekking tot 'n regsgeging wat hy wil instel en die skuldenaar nie, binne veertien dae nadat hy deur die skuldeiser versoek is om dit te doen, skriftelik afstand gedoen het van sy reg om hom op daardie voorskrifte te beroep nie, kan die hof wat regsbevoeg is ten opsigte van die regsgeging, ondanks daardie voorskrifte maar behoudens die bepalinge van paragraaf (b) en (c) van daardie subartikel, die skuldeiser op sy aansoek en op die voorwaardes wat die hof goedvind, verlof verleen om die kennisgewing in gemelde paragraaf (a) bedoel aan die skuldenaar te beteken na verloop van die in daardie paragraaf voorgeskrewe tydperk, indien die hof oortuig is—

(a) dat die skuldenaar nie deur die versuim benadeel word nie; of

(b) dat dit op grond van spesiale omstandighede nie redelikerwys van die skuldeiser verwag kon word om die kennisgewing binne daardie tydperk te beteken nie.

LIMITATION OF LEGAL PROCEEDINGS (PROVINCIAL AND LOCAL AUTHORITIES) ACT, 1970. Act No. 94, 1970

(c) after the lapse of a period of twenty-four months as from the day on which the debt became due.

(2) For the purposes of subsection (1)—

(a) legal proceedings shall be deemed to be instituted by service on the debtor of any process (including a notice of any application to court and any other document by which legal proceedings are commenced) in which the creditor claims payment of the debt;

(b) a debt shall, if the debtor intentionally prevents the creditor from coming to know of the existence thereof, not be regarded as due before the day on which the creditor comes to know of the existence thereof;

(c) a debt shall not be regarded as due before the first day on which the creditor has knowledge of the identity of the debtor and the facts from which the debt arose, or the first day on which the creditor can acquire such knowledge by the exercise of reasonable care, whichever is the earlier day;

(d) a period prescribed in paragraph (a) or (c) of that subsection shall, in the case of a debt of which the due date is postponed by agreement between the creditor and the debtor, be calculated afresh as from the day on which the debt again becomes due.

3. (1) The provisions of section 2 shall not apply in relation to— **Exceptions.**

(a) a debt for which the debtor has expressly and in writing acknowledged liability to the creditor;

(b) a claim in reconvention in any legal proceedings instituted by the debtor;

(c) a claim under the provisions of the Motor Vehicle Insurance Act, 1942 (Act No. 29 of 1942);

(d) a claim in respect of which the provisions of section 8 of the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act No. 30 of 1941), apply.

(2) The provisions of paragraph (a) of section 2 (1) shall not apply in relation to—

(a) the joining of the debtor as a party to any legal proceedings by means of a third party notice provided for in any rules of court;

(b) any urgent application made to court during the period referred to in that paragraph, and shall not affect the issue of a rule *nisi* against the debtor during that period or pursuant to any such application.

4. If a creditor has failed to comply with the provisions of paragraph (a) of subsection (1) of section 2 in relation to legal proceedings which he desires to institute and the debtor has not, within fourteen days after having been requested by the creditor to do so, in writing waived his right to invoke those provisions, the court having jurisdiction in respect of such legal proceedings may, notwithstanding those provisions but subject to the provisions of paragraphs (b) and (c) of that subsection, grant to the creditor on his application and on such conditions as the court may deem fit, leave to serve the notice contemplated in the said paragraph (a) on the debtor after the lapse of the period prescribed in that paragraph, if the court is satisfied—

Leave to serve notice after the lapse of the prescribed period.

(a) that the debtor is not prejudiced by the failure; or

(b) that by reason of special circumstances the creditor could not reasonably have been expected to serve the notice within that period.

Wet No. 94, 1970 **WET OP BEPERKING VAN REGSGEDINGE (PROVINSIALE EN PLAASLIKE BESTURE), 1970.**

Bepalings van Wet moet in pleitstukke geopper word.

5. (1) 'n Hof neem nie uit eie beweging kennis van 'n versuim om aan 'n bepaling van artikel 2 of aan 'n kragtens artikel 4 gestelde voorwaarde te voldoen nie.

(2) 'n Party tot gedingvoering wat hom beroep op 'n bepaling van artikel 2 of op verlof kragtens artikel 4 verleen of op 'n versuim om aan 'n kragtens laasgenoemde artikel gestelde voorwaarde te voldoen, doen dit in die tersaaklike stuk wat by die stukke in die verrigtinge ingedien word: Met dien verstande dat die hof so 'n party in enige stadium van die verrigtinge kan toelaat om hom op sodanige bepaling, verlof of versuim te beroep.

Staat gebind.

6. Hierdie Wet bind die Staat.

Toepassing op Suidwes-Afrika.

7. Hierdie Wet en enige wysiging daarvan is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel.

Oorgangsbepalings.

8. Die bepalinge van hierdie Wet geld nie met betrekking tot 'n regsding ten opsigte van 'n skuld wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ontstaan het nie en so 'n regsding kan ingestel word asof hierdie Wet nie in werking getree het nie.

Herroeping van wette.

9. Die wette in die Bylae vermeld, word hierby herroep in die mate in die derde kolom daarvan uiteengesit en enige ander wetsbepaling (uitgesonderd 'n Parlements wet) wat onbestaanbaar is met die bepalinge van hierdie Wet word hierby herroep vir sover dit aldus onbestaanbaar is.

Kort titel en inwerking-treding.

10. Hierdie Wet heet die Wet op Beperking van Regsgedinge (Provinsiale en Plaaslike Besture), 1970, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

LIMITATION OF LEGAL PROCEEDINGS (PROVINCIAL AND LOCAL AUTHORITIES) ACT, 1970. Act No. 94, 1970

5. (1) A court shall not of its own motion take notice of a failure to comply with any provision of section 2 or with any condition imposed under section 4. Provisions of Act to be raised in pleadings.

(2) A party to litigation who invokes any provision of section 2 or any leave granted under section 4 or a failure to comply with any condition imposed under the lastmentioned section, shall do so in the relevant document filed of record in the proceedings: Provided that the court may at any stage of the proceedings allow such party to invoke such provision, leave or failure.

6. This Act shall bind the State. State bound.

7. This Act and any amendment thereof shall apply also in the territory of South-West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel. Application to South-West Africa.

8. The provisions of this Act shall not apply in relation to legal proceedings in respect of a debt which arose before the commencement of this Act and any such legal proceedings may be instituted as if this Act had not come into operation. Transitional provisions.

9. The laws referred to in the Schedule are hereby repealed to the extent set out in the third column thereof and any other law (except an Act of Parliament) which is inconsistent with the provisions of this Act is hereby repealed to the extent of the inconsistency. Repeal of laws.

10. This Act shall be called the Limitation of Legal Proceedings (Provincial and Local Authorities) Act, 1970, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*. Short title and commencement.

Wet No. 94, 1970 WET OP BEPERKING VAN REGSGEDINGE (PROVINSIALE EN PLAASLIKE BESTURE), 1970.

Bylae.

WETTE HERROEP.

No. en Jaar.	Titel.	In hoeverre herroep.
KAAP DIE GOEIE HOOP.		
Ordonnansie No. 3 van 1936.	Ordonnansie op Paaie, 1936	Artikel 10 (1).
Ordonnansie No. 19 van 1951.	Munisipale Ordonnansie, 1951	Artikel 266.
Ordonnansie No. 15 van 1952.	Ordonnansie op Afdelingsrade, 1952	Artikel 241 (1).
Ordonnansie No. 28 van 1960.	Ordonnansie op Grootpaaie, 1960	Artikel 7 <i>quin</i> (1).
NATAL.		
Ordonnansie No. 20 van 1941.	Ordonnansie op die Kommissie vir Plaaslike Gesondheid (Beheer oor Openbare Gesondheidsgebiede), 1941.	Artikel 19.
Ordonnansie No. 21 van 1942.	Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1942	Artikel 254.
Ordonnansie No. 13 van 1961.	Ordonnansie op Provinsiale Hospitale, 1961	Artikel 24.
ORANJE-VRYSTAAT.		
Ordonnansie No. 16 van 1954.	Ordonnansie op Onderwys, 1954	Artikel 75.
Ordonnansie No. 5 van 1957.	Ordonnansie op Pensioene (Hospitaalamptenare), 1957.	Artikel 31.
Ordonnansie No. 10 van 1959.	Hospitaaldiensordonnansie, 1959	Artikel 18.
Ordonnansie No. 8 van 1962.	Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1962	Artikel 170.
Ordonnansie No. 4 van 1968.	Ordonnansie op Paaie, 1968	Artikel 52 (1).
TRANSVAAL.		
Ordonnansie No. 17 van 1939.	Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939	Artikel 172.
Ordonnansie No. 20 van 1943.	Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943.	Artikel 38.
Ordonnansie No. 22 van 1957.	Padordonnansie, 1957	Artikel 96.
SUIDWES-AFRIKA.		
Ordonnansie No. 28 van 1962.	Ordonnansie op Paaie, 1962	Artikel 60 (1).
Ordonnansie No. 13 van 1963.	Munisipale Ordonnansie, 1963	Artikel 270.

LIMITATION OF LEGAL PROCEEDINGS (PROVINCIAL AND LOCAL AUTHORITIES) ACT, 1970 Act No. 94, 1970

Schedule.

LAWS REPEALED.

No. and Year.	Title.	Extent of Repeal.
CAPE OF GOOD HOPE.		
Ordinance No. 3 of 1936.	Roads Ordinance, 1936	Section 10 (1).
Ordinance No. 19 of 1951.	Municipal Ordinance, 1951	Section 266.
Ordinance No. 15 of 1952.	Divisional Councils Ordinance, 1952	Section 241 (1).
Ordinance No. 28 of 1960.	Trunk Roads Ordinance, 1960	Section 7quin (1).
NATAL.		
Ordinance No. 20 of 1941.	Local Health Commission (Public Health Areas Control) Ordinance, 1941.	Section 19.
Ordinance No. 21 of 1942.	Local Government Ordinance, 1942	Section 254.
Ordinance No. 13 of 1961.	Provincial Hospitals Ordinance, 1961	Section 24.
ORANGE FREE STATE.		
Ordinance No. 16 of 1954.	Education Ordinance, 1954	Section 75.
Ordinance No. 5 of 1957.	Hospital Officials' Pensions Ordinance, 1957	Section 31.
Ordinance No. 10 of 1959.	Hospital Service Ordinance, 1959	Section 18.
Ordinance No. 8 of 1962.	Local Government Ordinance, 1962	Section 170.
Ordinance No. 4 of 1968.	Roads Ordinance, 1968	Section 52 (1).
TRANSVAAL.		
Ordinance No. 17 of 1939.	Local Government Ordinance, 1939	Section 172.
Ordinance No. 20 of 1943.	Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943.	Section 38.
Ordinance No. 22 of 1957.	Roads Ordinance, 1957	Section 96.
SOUTH-WEST AFRICA.		
Ordinance No. 28 of 1962.	Roads Ordinance, 1962	Section 60 (1).
Ordinance No. 13 of 1963.	Municipal Ordinance, 1963	Section 270.

